durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

Desember 2019

## 15 Desember 2019, 3de ADVENT

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*

**Deuroffer: Oos-Kaap**

## 16 Desember 2019

09:00 **Diens**
Konferensielokaal
*Ds. Schalk van Wyk*

## 22 Desember 2019, 4de ADVENT

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Kenia**

## 25 Desember 2019 Kersdag Geseënde Christusfees

08:00 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*

09:30 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*

**Offer: Durbanville Kinderhuis**

## 29 Desember 2019

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Nigerië**

## 31 Desember 2019, Oujaar - ons groet die jaar.

09:00 **Diens**
Ouditorium
*Ds. Schalk van Wyk*

## AANDAG:

**Kerkkantoor sal gesluit wees vanaf 24 Des 11:00 tot 1 Jan 2020. Dit sal weer open op 2 Januarie.**




Wanneer ons Kersfees vier, kan 'n mens nogal vergeet van die nagte en nagte wat die Israeliete moes wag vir hierdie dag. Hulle het vir dae, maande, jare en eeue gewag het vir die Messias om gebore te word.

Al die Joodse feeste van die Israelite is ingestel in Levitikus 23: 1 – 44 as gewyde oomblikke van aanbidding. Dit het 'n storie vertel van wat God gedoen het in die geskiedenis en nog gaan doen op die grootste oomblik ooit: die koms van die Messias!

Tydens die eredienste van 22 en 25 Desember gaan Ds Johan Els kyk na twee sulke feeste: die Pasgafees en die Loofhutte-fees en hoe dit vervul word met die geboortes van Johannes die doper (Jesus se voorloper) en Jesus self, die beloofde Messias. Kom beleef die hand van God in die geskiedenis. Hoe Hy dinge eeue vooruit beplan en dit dan doen soos dit voorspel is… Mag jy dan 'n dieper ervaring hê van die wonder van Kersfees en jy toeneem in liefde vir Hom.




in hierdie mooi land
Suid Afrika
kry ons meer sonlig
as wat ons voor kan vra
spoel dit oor ons sonder
plig
soos Genade van Bo
ag onverdiend - sommer
so

geseënd is elkeen
wat glo in God sowerein
in ons harte – nie altyd te
rein
so bring Sy geboorte ons
byeen dalk nog met 'n
milde reën om ons
weereens te seën

wonder van Christusfees
weer as familie saam
die verhaal uit Bybel te lees
te weet – dis waaroor
Kersfees mos gaan
so groot die krip se offer
ja Hy is ook my Losser
uit hierdie bose wêreld
vol misdaad en geweld

'n wonder somer Kersfees
om saam te wees in gees
vreugdevol Sy geboorte
vier
maar ook onthou die
smart
op Kruishout verduur
vir my en jou part

as geredde mens
kan ons Kersfees vier
met diepe hartewens
om in Sy koninkryk te deel
vir Ewigheidsduur
reeds het Hy die vlamme
vuur
van diepste hel verduur
vir ons in hierdie kosbare
uur

~ Anzé Bezuidenhout

## PREDIKANTE AAN DIENS TYDENS VAKANSIE:

Ds. Mizelle Prinsloo 9 - 20 Des ☎083 394 1101 • ds.mizelle@bergsigdv.co.za
Dr. Kobus de Jager 5 - 20 Des ☎083 230 7124 • dr.kobus@bergsigdv.co.za
Ds. Johan Els 19 - 31 Des ☎084 672 0626 • ds.johan@bergsigdv.co.za
Ds. Philip Scholtz 1 - 12 Jan ☎083 665 9973 • ds.philip@bergsigdv.co.za




Hierdie tyd van die jaar geniet almal alreeds die Desember vakansie. Baie gebruik die geleentheid om weer voorraad opname te doen en te beplan vir die uitdagings in die nuwe jaar vir julle as gesinne, maar ook as lidmate van Durbanville-Bergsig gemeente.

Deel van die beplanning is om in die nuwe jaar dinge te doen en projekte aan te pak wat 'n verskil in mense se lewens sal maak.

Durbanville- Bergsig se kalender vir 2020 is net die aangewese instrument om julle taak te vergemaklik, met die uitleef van julle nuwejaarsvoornemens vir jouself, jou kinders, jou gemeente en die breër gemeenskap. Bergsig se kalender vir 2020 bevat al die inligting om julle te help met die nodige beplanning vir die uitdagings wat die nuwe jaar vir ons inhou. Al Bergsig se lidmate, kan met een oogopslag sien wat in die gemeente gaan gebeur in 2020 en waar hulle kan inskakel en betrokke raak vir 'n praktiese en meelewende jaar. Bergsig se visie en missie word mooi verwoord en ons word herinner om ons kernwaardes uit te leef. Die kerkjaarkalender vir 2020 word ook baie mooi uitgebeeld met foto's en teksverse wat dit maklik maak om deur die jaar jou Christenskap saam met die gemeente uit te leef.

Dit verg baie ure van saam praat, saam beplan, deel met mekaar, weer dink, herbeplan en geduld. Ons het groot waardering daarvoor. Gemeente van Durbanville-Bergsig, kry die kalender, lees die kalender, geniet die kalender en leef die kalender in 2020. Peter Montgomery (Kerkraadvoorsitter)








## SPES BONA AFSLUITING

Ons sê dankie aan almal wat gesaai het in God se saailand. Ons het soveel dankbaarheid oor dié geloofsgemeenskap. Sonder God wat vir ons deure oopmaak sou daar nie soveel vreugde gewees het nie.

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810